

# Geen plek vir Jesus

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B195b Eng/Afr

Skriflesing uit Lukas 2:1 -7

Kernvers : 7- 'en sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom toegedraai in doeke en Hom in die krip neergelê, omdat daar geen plek in die herberg was nie.'

Geliefdes, dit is seker die grootste tragedie dat die Koning van die eeue moes buite staan...en dit was nog altyd so! Van die begin van Sy lewe af – toe Hy gebore is moes Hy in 'n krip neergelê word waar die diere uit geëet het, omdat daar geen plek vir Hom was nie.

In Luk.9:58 het Jesus gesê: 'Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.'

Luk.4:28-30 toe Jesus na Nasaret gegaan het (die dorp waar Hy grootgeword het), het die mense aanvanklik na Hom geluister maar toe Hy hul sondes aanspreek het hulle woedend kwaad geword en Hom uit die Sinagoge verdryf en buite die stad uit tot by die kranse waar hulle Hom wou afgooi. Hy het egter deur hulle geloop en weggegaan.

Laat ons vandag onself ondersoek om te sien of ons nie dalk ook so sou opgetree het soos daardie mense nie? As Jesus wat in ons harte kan sien, ons sonde aan ons moes uitwys sou ons nie dalk ook gesê het: 'gaan weg Jesus, daar is geen plek vir U in ons lewens en ons samelewing nie?'

In Matt.27;21,22 het Pilates probeer om Jesus vry te laat maar toe gee hy Hom oor aan die skare en hulle het eendragtig geskreeu: weg met Hom, kruisig Hom! Daar was geen plek vir Jesus nie – net die kruis!

Joh.1:11,12 sê: 'Hy het na Sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.' Maar dank God dat 'almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo.'

Kom ons beweeg na die hede en kyk na die tydperk waarin ons lewe. Openbaring 3:14- 22 waar die Here praat met die kerk van Laodicéa en sê dat sy lou is. Hy sê in vers 20: 'Kyk, Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.' Dit klink of Hy aan die buitekant staan? sal daar vir Hom plek wees in ons lewens?